

April  
2011

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445
24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111	028 312 2400

# Bulletin

Amptelike nuusbrieff van Munisipaliteit Overstrand

## • 5 % VERHOOGING OP RESIDENSIËLE EIENDOMSBELASTING VOORGESTEL

# VERVROEGDE BEGROTING OP KOERS

Die konsepbedryf- en kapitaalbegroting vir 2011/12, aanduidende begrotingsvooruitskattings vir 2012/13 en 2013/14 en konsep begrotingsverwante beleide is tydens die raadsvergadering in Februarie ter tafel gelê, 'n maand vroeër as wat normaalweg vir hierdie proses geskeduleer is. Die laaste hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir die tydperk 2006 tot 2011 is ook voorgelê.

Die Burgemeester, rdl Nicolette Botha-Guthrie, het alle betrokkenes – amptenare, raadslede en wykskomiteelede – geluk gewens wie se harde werk en samewerking dit moontlik gemaak het om die begrotingsproses met 'n maand te vervroeg ten einde dié taak voor die munisipale verkiesings op 18 Mei vanjaar af te handel.

Hierdie dokumente was tot einde Maart vir openbare insae en kommentaar beskikbaar en laasgenoemde sal tesame met die finale begrotingsvoorstelle oorweeg word tydens 'n spesiale raadsvergadering wat geskeduleer is om op 4 Mei 2011 plaas te vind.

Die totale gekombineerde bedryf- en kapitaalbegroting R922 miljoen vir 2011/12, wat 'n groot inspuiting in die plaaslike ekonomie te weeg sal bring, terwyl die koste vir die verbruiker beperk is tot 'n basislynverhoging van 5 persent op residensiële eiendomsbelasting, 8 persent op sake-

eiendomsbelasting en 8 persent op verbruikersdienste, elektrisiteit uitsluit.

Die voorgestelde kapitaalbegroting beloop R177 935 000 in 2011/12, 'n verhoging van 6,7 persent op die 2010/11 aangepaste begroting van R166 705 000. Die agtergrond hiervoor is dat die munisipaliteit oor die afgelope drie jaar in nuwe grootmaatinfrastruktuur en die opgradering van bestaande infrastruktuur belê het ten einde werk te maak van die agterstand en om die las te verlig wat die verouderende infrastruktuur op dienslewering plaas.

Besteding aan die kapitaalbegroting sal in die komende jaar R94 miljoen uit eie bronne beloop, maar in die toekoms sal 'n balans tussen koste en bekostigbaarheid bewerkstellig moet word omdat eksterne lenery nie onbepaald kan voortduur nie. Die raad is van voorneme

om hierdie bedrag met 'n eksterne lening van R50 miljoen, kontant uit die vervreemding van grond wat R34 miljoen beloop en kontant ten bedrae van R8,5 miljoen te befonds. Dit sluit die bestaande afgekampte eksterne lenings vir water, riool en elektrisiteit uit.

'n Bedrag van R6,5 miljoen is vir wykspesifieke projekte ten bedrae van R500 000 in elk van die 13 wyke toegeken, welke wyke na afloop van die munisipale verkiesings tot stand al kom.

Die voorgestelde 2011/12-begroting vir bedryfsuitgawes is R744 337 000 vergeleke met die huidige aangepaste begroting van R682 262 000 en verteenwoordig 'n 9,1 persent verhoging vergeleke met die 2009/10-begroting se verhoging van 23 persent. Die totale begrote inkomste beloop R658 658 000, uitgeslote toekennings. Dit is ooreenkomstig 'n aangepaste begroting van R584 660 000 in 2010/11 en verteenwoordig 'n toename van 12,65 persent.



**BEJAARDES IN AKSIE**

## ALGEMENE WAARDASIE SKOP AF

Die huidige munisipale eiendomwaardasielys verstryk op 30 Junie 2012 waarna 'n nuwe waardasielys op 1 Julie 2012 in werking sal tree. Die datum van waardasie vir die nuwe lys is 2 Julie 2011; met ander woorde die waarde van eiendomme in die nuwe lys sal vergelykbaar wees met die markwaarde van eiendomme soos op 2 Julie 2011.

Boland Valuers BK, dieselfde konsortium van waardeerders wat die vorige algemene waardasie in 2007 uitgevoer het, is weer na 'n ope tenderproses aangestel om dié werk te doen. Met die

inligting reeds tot hul beskikking sal die waardasie na verwagting glad verloop en sal dit nie nodig wees om alle eiendomme te besoek nie.

Die waardeerders is al vanaf 1 Februarie 2011 in die veld besig om inligting in te samel, en inwoners van Munisipaliteit Overstrand word vriendelik versoek om hulle, waar benodig, by te staan. Die waardeerders sal duidelik identifiseerbaar wees.

Die nuwe waardasielys sal eers na afloop van die waardasieproses bekend gemaak word. Daar sal dan geleentheid wees vir die gebruiklike

proses om besware en verhoë tot die Waardasie-appèlraad te rig. Die waardasies word ooreenkomstig die Eiendomsbelastingwet van 2004 gedoen.

Die 2de Julie 2011 is ook die datum wat in die toekoms vir aanvullende waardasies gebruik sal word.

Enige navrae en probleme met waardeerders kan telefonies na 028 313 8000 of per e-pos na kbauermeester@overstrand.gov.za vir die aandaag van mnr Kobus Bauermeester of mev Carien de Beer verwys word.

Op Donderdag 10 Maart 2011 het meer as seshonderd senior burgers van oral in die Overberg en selfs verder byeengekom om aan 'n sportdag deel te neem waar hulle hul vaardighede en ratsheid ten toon kon stel in items soos die eieren-lepel-, waggelstap-, bal-aangee-, klee-, appel-in-die-bak- en sakresies asook in die 100 meter-draf, toutrek-, aartappel-skil-, klerie- en kers-uitblaas-kompetisies. Met die Age-in-Action-organisasie en Munisipaliteit Overstrand as gesamentlike organiseerders was dit 'n dag om die bejaardes te vereer vir die bydrae wat hulle in die verlede tot nasiebou gemaak het. Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het 'n oproep op hulle gedoen om elke beskikbare geleentheid te gebruik om die waardes van goeie burgerskap by vandag se jongmense in te prent.

# WATERLEKKASIES: HUISEIENAARS MOET VERANTWOORDELIKHEID AANVAAR

Weens die trapsgewys stygende tariefstruktuur wat in Munisipaliteit Overstrand toegepas word, kan verborge waterlekkasies 'n duur sakie word.

Ooreenkomstig Munisipaliteit Overstrand se beleid op klantesorg, krediet-beheer en skuldinvordering is die klant daarvoor verantwoordelik om die volle rekening te betaal wanneer 'n waterlekkasie aan die kant van die inwoner se watermeter ontstaan.

Die enigste uitsonderings is gevalle waar die verlies aan water kwaadwillig veroorsaak is of waar die munisipaliteit instandhoudingswerk aan die voorsieningskant uitgevoer het en lug dalk die meterlesing kon beïnvloed.

In die geval van 'n kwaadwillige daad moet dit by die polisie gerapporteer en 'n saaknommer toegeken word. Hou ook in gedagte dat die aangeleentheid ook deeglik deur die munisipaliteit ondersoek sal word. In 'n onlangse geval het dit aan die lig gekom dat 'n inwoner se beëdigde verklaring vals was wat tot 'n klag van meenede gelei het wat hierdie klant se probleme nog verder vererger.

Daar word administratief met vertoë rakende abnormale hoë waterrekenings ooreenkomstig die bogenoemde

beleid gehandel en sulke vertoë kan nie aan die Raad gerig word nie.

Alhoewel dit na 'n onversetlike standpunt mag klink, bly die vraag onteenseglik of dit billik is dat alle belastingbetalers vir 'n individu se nalatigheid

moet betaal want 'n watervlies kos geld. Selfs al het u nie die lekkasie veroorsaak nie, is dit u verantwoordelikheid om waterpype en die watermeter gereeld na te gaan. Dit sal help om te verseker dat waterlekkasies tydig opgespoor en herstel word.

Heel dikwels kom groot waterlekkasies by vakansiehuse voor. Die beste praktyk is om die hoofaansluiting toe te draai wanneer 'n huis vir lang tydperke nie bewoon

word nie. As die water om een of ander rede aangesluit moet bly, moet iemand opdrag gegee word om die eiendom gereeld te inspekteer.

Gereelde kontrolering van die watermeter nadat alle krane in die huis toe-

gedraai is, sal ook help om vas te stel of daar ondergrondse lekkasies of lekkende pype êrens in die huis is. Lekkende krane en toilette gee ook aanleiding tot onnodige watervervliese.



**'N IETSIE EG OVERSTRAND**

Op Vrydag 25 Februarie 2011 het Hermanus 'n belangrike rol in die eerste oit Toer van Suid-Afrika vervul toe twintig spanne topfietsters uit SA en van oral in die wêreld op rdl Ben Solomon se bevel by die Ou Hawe weggiesing het op die voorlaaste skof van hierdie opwindende nuwe padfietswedren. Om as afsetpunt vir die wedren se sesde skof te dien, het nie net internasionale mediadekking vir Overstrand tot gevolg gehad nie maar het ook groot waardering by beide die organiseerders en deelnemers ontlok vir die kleur en luister wat plaaslike skole en geesdriftiges aan die geleentheid verleen het.

## SÓ PLOEG ONS TERUG

Die gratis meesterklasse wat tydens die laaste naweek van Februarie deur die Europese duo ZAPPA MAINOLFI aangebied is, is goed bygewoon en almal wat betrokke was, het hul dank teenoor Overstrand Arts/Kunste (OAK) uitgespreek. Hier in hul geselskap is die sesienjarige Lorenzo van Schalkwyk, 'n leerling van Hermanus Hoër, wat geskeduleer is om sy Graad 5 UNISA-eksamen in April af te lê. Lorenzo is ook op die Junior Raad. Op Saterdag, 16 April 2011, gaan OAK 'n program van kamerstukke met die alombekende Kaapstadse sopraan Lente Louw, klarinet David Little en pianis Albie van Schalkwyk aanbied. Werke deur Schumann, Spohr en Schubert sal uitgevoer word. Kaartjies kos R80 en R40 vir studente.

Besprek by BELLINI: 028 312 4988.

Enige ander navrae kan gerig word aan René du Plooy by 082 940 4238.



## Rugbytoernooi stuur af op opwindende einde

Die eerste Burgemeestersrugbytoernooi vanjaar in Overstrand het aan al die verwagtinge voldoen en 'n opwindende eindstryd kan op Saterdag 9 April 2011 op die Mount Pleasant-sportterrein verwag word.

Ses plaaslike spanne het in Februarie en Maart op 'n rondomtaliesetel teen mekaar gespeel om te bepaal wie in die eindronde kragte moet meet. Die uiteinde hiervan is dat Black Leaves (Gansbaai) en Kleinmond in die hoofwedstryd gaan speel en die wenner met die Burgemeesterstroeie gaan wegstap.

Hawston en Atlantics (Hermanus) speel om die derde plek uit en Black Birds (Hemel-en-Aardevallei) en Universals (Stanford) vir die vyfde plek.

In die loop van die toernooi was daar dikwels groot verrassings, waarvan die oorwinning van die Black Birds oor Black Leaves, wat in Boland se superliga speel, die grootste was. Tog is dit duidelik dat

wekrope betyds gehoor is en dat dit uiteindelik krag teen krag in die eindtoernooi gaan wees.

Goeie rugby sal opgedis word by 'n feesgeleentheid vir rugbyliefhebbers. Geen toegangsgeld sal gevra word nie. Hou die media dop vir die program van die dag, wat nog nie by die ter perse gaan van die Bulletin gefinaliseer was nie.



**0800 701 701**

**Hoe om te registreer vir die Munisipaliteit se SMS-diens**

SMS u rekeningnommer met die letters SMS aan 082 338 1631 of kontak 'n Klientediensbeampie by u naaste Betaalsaal.

